Die Son

21 November 2008

Twee apostels gou weer voor die CCMA 'ná hul inmengery'

MELVIN WHITEBOOI

TWEE apostels van die Ou Apostoliese Kerk (OAK) moet weer op 8 Desember by die CCMA in Kaapstad getuig waarom hulle na bewering ingemeng het in die saak wat Yulanda Adams teen die OAK gemaak het.

OPSIENER: Opsiener Michiel Beck is voor die CCMA afgeneem. **Foto: JONATHAN LESTRADE**

Adams het opsiener Michiel Beck na die CCMA gevat omdat hy haar aangekla en skuldig bevind het aan bedrog – sonder om haar te verhoor.

Beck wou agterna skik, maar Adams wou niks hoor nie.

Die kommissaris van die CCMA was onseker of die CCMA kompensasie aan Adams moes gee vir die behandeling wat sy van die OAK-bestuur ontvang het.

Die Apostolaat se advokaat het aan die CCMA gesê Adams is nie geregtig op kompensasie van die CCMA nie.

Adams se advokaat, André Coetzee, het egter gesê dat die CCMA wel vir Adams moet kompenseer.

Die kommissaris het toe gelas dat die saak tot 8 Desember uitgestel word sodat sy na nog getuienis kan luister.

Gereël

Die twee apostels wat gaan getuig, is Michiel van Tonder en Christie Gerbach.

Van Tonder het blykbaar 'n geheime vergadering by Gerbach se huis gereël.

Adams sê opsiener Hansie Fortuin het haar en haar man, Cedric, een Sondagmiddag by hul huis kom sien en gesê hulle moet later die dag 'n draai maak by Gerbach se huis.

Die egpaar het nie verwag dat Van Tonder daar sou wees óf dat daar 'n vergadering sou wees.

Hulle was baie ontsteld, want vir hulle het dit gelyk of Van Tonder wou hê hulle moet die saak terugtrek.

Van Tonder en Gerbach gaan oor dié vergadering getuig.

Van Tonder moet ook op 9 Februarie saam met ekspriester Freddie September in Bellville se gelykheidshof verskyn op 'n klag van onregmatige rassediskriminasie.

Die Apostolaat se prokureurs gaan hom verteenwoordig.

Van Tonder het September ná 'n klag skuldig bevind sonder dat September self by die verhoor teenwoordig was.